*Maandag* **27 Oktober**

**Skrifgedeelte: Titus 3:1-8**
**Fokusvers: Titus 3:4-5 (AFR83/2020)**
**Leef as getuies van Christus**

Paulus moedig die gemeente op Kreta aan om as getuies van Christus te leef. Aanvanklik word daar verwys na die mense op Kreta as “leuenaars, ongediertes en lui vrate” (1:13). Hierdie gemeentes was omring deur ’n kultuur van immoraliteit en onreg, teenoor die belangrikheid van goeie werke van dankbaarheid, gehoorsaamheid, en ’n nederige lewenstyl.

Hierdie gedragskode dien ook as ’n kragtige getuienis van die verandering wat God in die lewens van gelowiges bring. Die kerngedagte kom uit in vers 4 en 5. Dit dui op die redding as ’n direkte resultaat van God se genade en barmhartigheid deur Christus. Goedertierenheid word gebruik om God se goedheid en vriendelikheid aan te dui. Dit is hierdie goedertierenheid wat in Christus verskyn het en wat ons sondige lewens kom transformeer het. Daar is ook ’n radikale innerlike verandering. Die Heilige Gees speel ’n sentrale rol in hierdie proses. Hy is die een wat nuwe lewe gee, wat ons harte verander en ons in staat stel om in die nuwe lewe te wandel. Hierdie werk van die Gees is nie net ’n eenmalige gebeurtenis nie, maar ’n voortdurende verandering wat ons hele lewe beïnvloed.

Ons kan jubel in die Here, want hierdie nuwe lewe is ’n geskenk, nie iets wat ons verdien het nie. Dit is ’n rede tot diepe vreugde en dankbaarheid. Omdat God in sy soewereiniteit gekies het om ons te red, en die Heilige Gees aan ons gegee het om ons te vernuwe, kan ons met vrymoedigheid leef, wetend dat ons nie alleen in ons eie krag hoef te staan nie. Juis omdat Christus in sy krag gestaan het, versterk dit ons ook om in God se krag te kan staan. Ons vreugde is gegrond in die sekerheid van God se werk in ons lewens. Werk wat Hy self begin het, self in Christus vervul het en wat Hy getrou sal voltooi ook uiteindelik by die laaste koms.

Hierdie verse herinner ons aan ons roeping, dit is dus nie net ’n oproep tot morele of etiese gedrag nie, maar ’n oproep om te leef vanuit die genade en krag wat God vrylik gee deur Christus. Wanneer ons hierdie waarheid verstaan, kan ons met blydskap en toewyding ons roeping uitleef, wetend dat die Heilige Gees ons lei en versterk in elke stap van die pad.

*Sing: Psalm 117-1; Psalm 117-2*
*Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)*